KLEINGROEP-DISSIPELSKAP

Die Kerkraad is al die afgelope paar jaar besig om te besin oor die pad vorentoe en ons het reeds ‘n beginsel besluit geneem om nuut te dink oor die pad vorentoe. Deur die leiding van die Heilige Gees en in die lig van die Bybel, is die Kerkraad dit eens dat dit noodsaaklik om oor ‘n tydperk te verander na ‘n manier van bediening wat ons “KLEINGROEP DISSIPELSKAP” noem. Let op die naam. Dit is nie net “kleingroep” nie, maar het ook die fokus “dissipelskap” by.

1) **ONS NOOD**

a. Die afgelope paar jaar het die lidmaatgetalle van Ontdekkers drasties gedaal. Van 740 in 2010 tot 362 in 2016 (gehalveer?);
b. Ons grootste nood is die onbybelse siening wat so diep in ons ingegrawe is dat die kerk (ds/oudl/diak) MY moet bedien. Hierdie leuen lei daartoe dat ons lidmate onbetrokke is EN dat hulle nie groei op hulle weg van heiligmaking nie;
c. Die onderlinge meelewing in die gemeente wat ons sterkste getuie na buite moet wees (vgl. Joh.13:35), kom nie tot sy reg nie.

Die groot waarheid wat soos ‘n paal bo water staan is: **AS ONS VOORTGAAN OM ALLES TE DOEN SOOS WAT ONS DIT NOG ALTYD DOEN, IS DIE DOOD VIR ONTDEKKERS IN DIE POT.**

2) **BYBELSE BEGRONDING VAN KLEINGROEP-DISSIPELSKAP**

Jesus is baie duidelik oor wat sy taak is: *“Die Seun van die mens het immers gekom om te soek en te red wat verlore is.”* (Luk.19:10; Joh.3:16). Om ‘n dissipel van Jesus te wees, beteken om saam met Hom te soek na hulle wat verlore is. Dit is juis hierdie waarheid wat maak dat Jesus aan ons ELKEEN sy GROOT OPDRAG gee: *“Gaan dan na al die nasies toe en **“maak die mense my dissipels.”*** (Mat.28:19-20; vgl ook Hand.1:8)

Om hierdie GROOT OPDRAG te kan uitvoer het Christus ons ook aan die GROOT GEBOD herinner: " *Ek gee julle 'n nuwe gebod: julle moet mekaar liefhê.* ***Soos Ek julle liefhet, moet julle mekaar ook liefhê****.* [35] *As julle mekaar liefhet, sal almal weet dat julle dissipels van My is."* (Joh.13:34-35; vgl ook 1 Joh.4:7-21)

HOE GAAN ONS MEKAAR SO LIEFHÊ, SODAT ANDER DIE LIEFDE VAN CHRISTUS KAN KEN EN DAT HULLE HOM OOK SAL NAVOLG?

Dit kan net binne egte verhoudings gebeur waar ons mekaar in Christus ontmoet met die doel om te groei op ons pad van heiligmaking. Met heiligmaking word bedoel dat God voortdurend deur sy Gees besig is om sy kind meer en meer vry te maak van sonde deur hom/haar meer en meer soos Christus te laat lyk (Gal.2:20).

a. Hoekom KLEINGROEPE?

Doodeenvoudig omdat dit die Bybelse model vir "kerk wees" is. Let op die volgende Skrifgedeeltes:

- Eksodus 18:13 ev: Moses se skoonpa moedig hom aan om sy werk te verdeel en die volk toe te rus sodat hulle mekaar kan bedien;
- Lukas 6:12-16: Jesus kies twaalf dissipels om lede van sy kleingroep te wees. Hy het die meeste van sy tyd saam met hulle spandeer om hulle te leer en as leiers toe te rus. Selfs binne dié groep het Hy 'n binnekring van Petrus, Johannes en Jakobus gehad;
- Handelinge 2:42 & 5:42: Die eerste Nuwe Testamentiese gemeente het nie opgehou om mekaar by die tempel en by die huise te leer nie;
- Handelinge 18:7: Nadat die Jode in Korinte hulle teen Paulus verset het, het hy sy bediening voorgesit in die huis van Titius Justus;
- Handelinge 20:20: Paulus se bedieningsmodel het ook ingesluit dat hy die gelowiges in Efese toegerus het deur in die openbaar te preek en hulle in hulle huise te onderrig

b. Beginsels van Kleingroep-dissipelskap:

- Liefdevolle versorging wat help om te groei = egte/eerlike/ ondersteunende/versorgende verhoudings waarbinne ons lief is vir mekaar. Die PRIESTERSKAP van alle gelowiges wat MEKAAR dien/bedien kry gestalte;
- Bybelse gesprekke. Hou by dit wat Jesus ons leer. In diepte Bybelstudie. ONTHOU: Nie almal is op dieselfde vlak van geloofsvolwassenheid en kennis van die Bybel nie. Baba Christene moet die ruimte hê om baba Christene se geluide te maak in die huisgesin van God.
- Gebed. Bid hardop vir mekaar.
- Evangelisasie. Leë stoel beginsel. Hele groep fokus op nuwelinge om die liefde van Christus met hulle te deel en hulle deel van die groep te maak.

c. Praktiese oorwegings

- Kleingroep-Dissipelskap moet die belangrikste eienskap van ons gemeente wees, nie maar net nog ‘n bediening wees nie;
- Moet sterk pastorale ondersteuning van herders hê. Sterk leierskap ondersteuning: Elke ouderlinge moet deel wees van ‘n kleingroep. So baie van sy werk word binne die kleingroep gedoen;
- Duidelike doelwitte moet bepaal word: Vir gemeente en individuele kleingroepe. Elke kleingroep moet ‘n koninkryksprojek hê;
- Evangelisasie: maak vriende met ongelowiges;
- Periodieke “in en uit” strategie: Moet kan in en uit groepe beweeg (bv. word net deel vir kwartaal);
- Verdeel en groei = ontwikkel leiers in jou groep;
- Laat Bybelstudie spruit uit verklarende prediking tydens die erediens;

d. Voordele wat dit vir die gemeente inhou

- Fasiliteer dissipelskap want dit stimuleer verhoudings en bevorder elkeen se kennis van die Bybel;
- Vermenigvuldig eksponensiële groei potensiaal;
- Vorm ‘n poel van potensiele leiers;
- Ondersteunend tot herderlike werksaamheid in gemeente;

3. VISIEGROEP

Op die oomblik is daar ‘n “KLEINGROEP-DISSIPELSKAP” groepie wat deur mentors begelei word om...

- Doelwitte/handves saam te stel vir Kleingroep-dissipelskap in Ontdekkers;
- Alles voor te berei sodat aan die begin van 2018 al die Kleingroepleiers toegerus kan word;
- In Februarie/Maart 2018 formeel met Kleingroep-dissipelskap in Ontdekkers af te skop.

3. HOE RAAK DIT JOU!

Neem deeglik kennis hiervan en dat dit ‘n proses is. Niks gaan skierlik gebeur waarvan jy nie eers ingelig en geken gaan word nie;
Daar gaan natuurlik baie vrae, bekommernisse en vrese wees;
Dit is belangrik dat elke lidmaat in Ontdekkers sy plek moet vind en veilig en gemaklik voel;
Raak betrokke by die gesprek en kom bied jou oplossings vir die talle uitdagings wat daar is aan;
Bid dat God in Christus en deur sy Gees ons gemeente daartoe sal bring dat ons aan Hom gehoorsaam sal wees;
Neem kennis van ons GEMEENTE VERGADERING op 8 Oktober direk na die oggenddiens waar jy al jou bekommernisse kan deel en al jou vrae kan vra.

Neem vrymoedigheid om ds. Hendrik te skakel/te e-pos